## REFORMASIE 500 *(Artikel 16)*:
# CALVYN - PASTOR VAN GENÈVE

Die prentjie wat dikwels van Calvyn geteken word, is dié van ’n geharde juris en teoloog vir wie die orde van die kerk en dogma alles was. Calvyn het egter ook ’n ander kant gehad – die van pastor en prediker. Dit laat sommige historici opmerk dat die hart van Calvyn se werk in Genève die beste sigbaar word in sy bediening vanaf die preekstoel.

**Dit was veral na sy terugkeer na Genève in 1541 dat prediking een van sy belangrikste weeklikse aktiwiteite geword het**. Vir hom was prediking die uitleg van die Skrif. Aanvanklik het hy twee keer op ’n Sondag en een keer op drie ander dae van die week gepreek. Later het hy twee keer op ’n Sondag en elke dag van die week in alternatiewe weke gepreek.

**Sy gebruik was om op Sondae uit die Nuwe Testament en gedurende die week uit die Ou Testament te preek**. Soms het hy ook op ’n Sondagmiddag tyd afgestaan aan die uitleg van die Psalms.

**Calvyn het sonder notas gepreek en het veral twee belangrike temas van ’n Christen se lewe beklemtoon: die redding van mense deur die genade van God en gelowiges se roeping tot ’n lewe van dankbaarheid.**

**Deur sy pen het hy onder meer ook die geestelike mentor en pastor vir die Protestantse adel en baie van die leiers van die Reformasie in ander lande geword**. Hoewel sy humeur en opvlieënde geaardheid uit van sy briewe duidelik word, dui die pastorale begeleiding daarin op ’n meer sagmoedige pastor.

**Dat Calvyn veral aan die einde van sy lewe met sy gesondheid gesukkel het, is bekend**. Hy vertel self van sy stryd met tuberkulose, jig, ’n swak maag en nierstene. Ten spyte van sy swak gesondheid, het hy onverpoosd gewerk.

**Teen 1549 het hy reeds kommentare oor al die Pauliniese boeke van die Nuwe Testament geskryf en teen 1555 het hy kommentare oor al die ander boeke, uitsluitend Openbaring, voltooi.** Te midde van ver-swakkende gesondheid het hy in 1558 finale wysigings aan die Latynse weergawe van sy groot passie, sy Institusie, aangebring.

Kort voor sy dood op 27 Mei 1564 skryf hy aan Farel: “Ek haal swaar asem en elke oomblik verwag ek dat dit dalk my laaste kan wees. **Dit is genoeg dat ek leef en sterf vir Christus wie vir al sy volgelinge ’n wins in lewe en in sterwe is**. Ek groet jou en al jou broers.”

Johannes Calvyn is volgens sy wens in ’n ongemerkte graf begrawe.

*Geskryf deur Prof Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria* vir e-Kerkbode).



NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om
Die Rietfluit
JAARTEMA:
*Sáám volg ons Christus*
**Augustus 2018**

**HOEKOM IS DIT NODIG OM GEREELD SAAM MET ANDER CHRISTENE – in EREDIENSTE ASOOK in KLEINGROEPE - BYEEN TE KOM?**

**Jesus Christus het net een liggaam en daardie liggaam is die Kerk**.

**Die Kerk is een liggaam wat uit baie lidmate bestaan en wat elkeen sy eie taak het.** Soos die ledemate van ‘n liggaam, is die lidmate van die Kerk as liggaam **inter-afhanklik van mekaar, hulle het mekaar nodig en vul mekaar aan. Hoekom?** Sodat die liggaam in sy geheel baie goed sal funksioneer en gesond sal bly (1 Kor.12).

...**Elke lidmaat is noodsaaklik vir die hele kerk as liggaam en die hele liggaam het elke lidmaat nodig...** Elke volgeling van Jesus het saam met al Sy ander volgelinge deel aan Hom, Sy gawes en Sy seën; elke volgeling van Jesus moet weet dat hy/sy die gawes wat sy/hy het, **tot voordeel van die ander** met vreugde en gewilligheid moet aanwend...;

**Dis *eintlik uiters onwenslik en ongesond* vir ’n lidmaat en vir die res van die liggaam om in afsondering te leef**. Dit is nodig vir lidmate om gereeld in **eredienste** – die **algemene samekomste van gelowiges** - asook **kleingroepe/omgeegroepe saam te kom.**

**Die bywoning van die eredienste/algemene samekomste** van gelowiges in die gemeente is vanselfsprekend. Dis **nodig en noodsaaklik**. Die Nuwe Testamentiese gelowiges word opgeroep

*Ons Visie:* ***Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

om **gereeld die onderlinge byeenkomste/**samekomste van die gemeente **by te woon.** (Hebr.10:25)

***Die bywoning van klein-groep byeenkomste?...*** *JA*, **en wel om ‘n paar redes soos:**

a) **Dit was die metodiek van Jesus**. Jesus het die ongeveer die helfte van Sy bedieningstyd aan Sy 12 disippels gewy. Dit het Hy in ‘n groep-konteks (met Sy 12) gedoen. **In Sy bediening het Hy die potensiaal van ‘n groep nie net verstaan nie, maar ook as ‘n navolgingswaardige wyse voorgehou**.

b) Binne ‘n groep **ervaar die groeplede die DNS van “die gemeenskap van die gelowiges”** wat die Hebreërsskrywer so hoog ag (Hebreërs 10:25) .

c) **Binne ‘n groep word elkeen se gawes en bedieninge makliker geïdentifiseer en ontwikkel**.

(Verwysing: http://leefnuut.co.za/?page_id=329; baie verkort en hier en daar aangepas vir Rietfontein-Suid)

*Liewe Lidmaat van Rietfontein-Suid*

*Vanaf 2 September het ons die voorreg om weer deel te wees van ‘n 40-dae reeks. U word genooi om veral in daardie tyd (natuurlik ook dwarsdeur die jaar) te antwoord op die oproep in Hebr 10:25 om gereeld die onderlinge byeenkomste /samekomste van die gemeente by te woon.*

*Sien meer inligting oor die 40-dae reeks op bladsy 7.*

*Groete Ds Loen Tait*

THOSE WHO LEAVE EVERYTHING IN GOD'S HANDS WILL EVENTUALLY SEE GOD'S HANDS IN EVERYTHING.







# 40dae “In Sy Voetspore”

## BEGIN SONDAG 2 SEPTEMBER 2018

Vanaf *Sondag 2 September* gaan ons nadink oor wat dit beteken om op hierdie Goddelike roeping te reageer.

*Die volgende vrae gaan bespreek word:*

◊ *Word elke Christen deur God geroep, of is navolging van Christus net vir sommige?*

◊ *Wat beteken dit om Christus 24/7 te volg?*

◊ *Waartoe roep en stuur God ons?*

◊ *Hoe wil God ons vorm om getroue en geloofwaardige navolgers van Christus te kan wees?*

Soos gewoonlik word dieselfde tema in die eredienste en gemeentelike groepe behandel.

*Geloofsgroei vind veral plaas in omgewings waar gelowiges in groepe saam sit om na die Woord te luister en hulle insigte en ervaringe met ander te deel*. As jy nie reeds deel van ŉ groep is nie, en jy wil vir die 6 0f 7 weke deel van een word, kan jy gerus vir Tom skakel (082 372 9803) of een van die leraars.

Die uitkoms waarvoor ons bid is dat elkeen van ons opnuut sal ontdek wat dit beteken om in Sy voetspore te volg, *naamlik om saam met Jesus te leef, om Hom te volg en om Hom beter te leer ken.* Hierdie reeks wil ons jou nooi om nader te kom aan die Een wat ons Leidsman en Voorbeeld is.

Die kerkraad en leraars sien uit om jou saam met ons op reis te neem vir die 40dae.

*Die 40dae-span*



NG RIETFONTEIN-SUID KARNAVAL

deur Christus-liefde gee ons vir almal om

# 1 September 2018

## 7:00 tot 14:00

# Adelaars Sportterrein 18de Laan, Meyerstraat Wonderboom-Suid

Parkering Beskikbaar

**Navrae:**
Herman Labuschagne
082 461 1152



**Mini-Krieket**



## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **4 Aug:** Moot Care Karwas en Mark
- **9 Aug:** Vakansiedag (Nationale Vrouedag)
- **10 Aug:** Skoolvakasiedag
- **24 Aug:** MootCare Funksie
- **26 Aug:** Youthbash om 18:00
- **1 Sept:** Karnaval
- **2 Sept:** 40 Dae-Reekreeks begin & Nagmaal
- **24 Sept:** Vakansiedag (Erfenisdag)
- **28 Sept:** Skole Sluit

**Sien jou daar!**



Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed word, Here, vir wie U onderrig in u woord en vir wie U rus gee na tye van teespoed... Die Here verstoot nie sy volk nie.

*Psalm 9: 12 —14*

**BOOMSLOPINGS & SNOEI**

GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

www.treecarepta.co.za

# MOOT CARE FUNKSIE

## TOEKA TOT POTJIE

**Vrydag, 24 Augustus 2018**

**18:30 vir 19:00**

**NG Rietfontein-Suid Kerksaal**

**(h/v Ben Swart & 16e Laan, Rietfontein)**

**R100 p.p.** 'n lekker ete van potjiekos en melktert ingesluit.

U eie keuse van kleredrag van Toeka tot Nou.

**Gaskunstenaars: VRINNE**

Albert Jordaan - Gerda van der Berg

Laurie van Niekerk - Stefan-Joss Olivier

Mareon Potgieter

Gasvrouens word versoek om kaartjies per tafel te koop by Hantie vd Berg (0761375643) by die toring Sondae na kerk.

Verdere inligting: Susan Plaisier (082 836 4709)
Willa Olivier (072 319 8292)
Hanti Spies (082 665 8535)

# OMGEE-BEDIENING

**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING**:

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

Dit is die bediening wat die **omgeegroepe** ondersteun en organiseer.

Omgeegroepe is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!

Omgeegroepe
Ons gee om.

☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.

MOOT CARE SENTRUM

# MARK

**ELKE EERSTE SATERDAG VAN DIE MAAND**

**H/V 16DE & BEN SWART**

Car Boot Sale

**9 TOT 13:00**

**Stalletjies & Karwas**

**NAVRAE: 076 137 5643**

Die doel van die karwas is om vir werklose persone geleentheid te bied om iets te verdien asook dat jy persoonlike met hulle kan kontak hê.
Die mark se doel is om persone uit die gemeenskap geleentheid te bied om inkomste of ekstra -inkomste te kan verdien.
Veral aanvulling van pensioene.

***Die stalletjies is gratis. Almal is welkom!***